

Onwettige sigarette, ter waarde van miljoene rande, gekonfiskeer en vernietig

Tshwane, 11 Junie 2021 - Doeanebeamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het hierdie week verskeie oorwinnings behaal in die stryd teen handeldryf met onwettige sigarette, deur 'n soek-en-beslaglegging operasie in drie stede en 'n ontdekking by die Kopfontein-grenspos.

In Kemptonpark, Pretoria en Johannesburg, is 22 winkels in 'n strooptog deursoek en onwettige sigarette ter waarde van R2,4 miljoen gekonfiskeer. Dit was 'n gesamentlike operasie tussen SARS-doeane, die Suid-Afrikaanse Polisie, die Departement van Binnelandse Sake die Metropolisie in Gauteng.

By Kopfontein-grenspos, het doeanebeamptes 'n tenkwa deursoek, wat uit Botswana aangekom het, en drie vervalsde kompartemente ontdek. Die kompartemente was gepak met 355 meesterkaste onwettige sigarette, ter waarde van meer as R5.5 miljoen. Die trok en sigarette is aangehou vir verdere ondersoek.

By Beitbrug-grenspos het doeanebeamptes, gesteun deur die SAPD en die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, begin om onwettige sigarette uit vorige beslagleggings, ter waarde van R30 miljoen, by die staatspakhuis te vernietiging, met verdere vernietiging van onwettige sigarette wat na beplanning oor twee weke in Pretoria vernietiging sal word.

Vanweë die volume van onwettige sigarette, sal die vernietiging by Beitbrug 'n aantal dae neem. Die masjinerie wat deur SARS gebruik word, vernietig die sigarette in 'n omgewingsvriendelike wyse en die fyn gedrukte sigarette word dan in 'n stortingssterrein begrawe.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat die beslaglegging en vernietiging van onwettige sigarette 'n belangrike teken van die regering se verbinding is om die onwettige handeldryf in goedere soos sigarette, klerasie en tekstiele, tweedehandse voertuie en skrootmetaal, onder andere, hok te slaan.

"Hoewel ons bly is oor hierdie suksesse, het ons steeds 'n aansienlike beloop van werk wat voorle in die aanspreek van hierdie kastyding van kriminele gedrag wat ons plaaslike ekonomie verwing, die belastingbasis erodeer en werksgeleenthede verwoes. Ons is ook besorgd oor die gebrek aan konsekwente standaarde en gevolglike gesondheids- en ander risiko's wat onwettige goedere en handeldryf inhou vir verbruikers," het die kommissaris bygevoeg.

Die hele regering werk saam om die onwettige ekonomie te beveg, in samewerking met sleutel-belanghebbendes uit die privaatsektor. Die onwettige ekonomie lei tot werksverliese, die sluit van industrië, skep publieke gesondheidsprobleme, vervoerveiligheidskwessies en die verlies aan lewens.

"Ons doen 'n beroep op verbruikers om versigtig te wees en die versoeking te vermy om van die laer-geprysde produkte gebruik te maak in die korttermyn, en eerder die langtermyn gevolge te oorweeg wat hulle, en die res van die samelewing, skade kan berokken."

"Ingevolge ons wetlike maandaat, is SARS daartoe verbind om die moeilik en duur te maak vir enige persoon wat nie hul belasting- en doeaneverpligtinge nakom nie. Nie-nakoming deur enige persoon lei tot verlies aan inkomste wat ons land nie kan bekostig nie.

"Die inkomste wat SARS invorder is belangrik omdat dit die regering in staat stel om basiese dienste te lewer aan arm en kwesbare mense, soos toelae aan bejaardes, asook mediese sorg aan persone wat deur die ramspoedige Covid-19-pandemie geraak is," het die kommissaris gesê.

Doeanebeamptes het ook verskeie ander indrukwekkende beslagleggings uitgevoer die afgelope week, insluitend die volgende:

- Op Woensdag 9 Junie, het beamptes by OR Tambo Internasionale Lughawe (ORTIA) 80 kg gekristalliseerde metamfetamien, ter waarde van nagenoeg R24 miljoen, ontdek. Die kristal-metamfetamien was weggesteek in vrag verklaar as "naaldwerkmateriaal" en was bestem vir Israel via Istanbul. Die saak is oorhandig aan die SAPD se direktoraat vir voorkeur-kriminele ondersoek (DPCI).
- Ook op 9 Junie, het beamptes wat die vragafdeling by ORTIA deursoek het, seksuele versterking medikasie ontdek, ter waarde van nagenoeg R45 220 000, wat onbehoorlik verklaar is. Die goedere is aan die SAPD oorhandig vir verdere ondersoek.
- Op 3 Junie, het doeanebeamptes en lede van die DPCI verdagte vrag deursoek wat by ORTIA aangekom via Kenia, en 'n bruin middel ontdek wat in foelie toegedraai en in houers versteek was. Na toetsing, is dit geïdentifiseer as 'n middel wat hoofsaaklik gebruik word in die vervaardiging van Mandrax. Die middel, met 'n geskatte waarde van R105,4 miljoen, kon gelei het tot die vervaardig van 1 700 000 Mandraxtablette. Die goedere is aan die SAPD oorhandig vir verdere ondersoek.